higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

14 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Onwaar
	1.1.2	Waar
	1.1.3	Waar
	1.1.4	Waar
	1.1.5	Onwaar
	1.1.6	Waar
	1.1.7	Onwaar
	1.1.8	Onwaar
	1.1.9	Onwaar
	1.1.10	Waar

(10 × 1) (10)

1.2	1.2.1	D
	1.2.2	F
	1.2.3	G
	1.2.4	E
	1.2.5	I
	1.2.6	C
	1.2.7	A
	1.2.8	P
	1.2.9	L
	1.2.10	O
	1.2.11	K
	1.2.12	M
	1.2.13	N
	1.2.14	S
	1.2.15	H

(15 × 2) (30)

1.3	1.3.1	C
	1.3.2	B
	1.3.3	D
	1.3.4	A
	1.3.5	C
	1.3.6	D
	1.3.7	D
	1.3.8	C
	1.3.9	B
	1.3.10	A

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Korrekte vloerbedekking – matte absorbeer klank en gee warmte aan ’n kamer.
- Teëls het goeie akoestiekeienskappe.
- Gordyne kan ook help om klank te absorbeer.
- Sit rubberstoppers op stoele se pote.
- Sit plastiekoortreksels op tafels.
- Sit ’n plafon in. (Enige 5 × 1) (5)

2.2
- Verskeie tipes vloere – ’n verskeidenheid teksture om te voel
- Duursaam – sal slytasie moet kan hanteer
- Moet maklik kan skoonmaak – babas laat dikwels iets val of braak
- Moenie stof vergader nie – slegs mat waar nodig
- Moet glad wees – geen splinters of krake nie
- Moet kostedoeltreffend en gemaklik om op te speel wees
- Moet ’n positiewe invloed op die kleur in die speelkamer hê
- Gelamineer, maklik om skoon te maak en in stand te hou
- Matte – slegs vir hitte en sagtheid
- Teëls – prakties, maklik om skoon te maak en in stand te hou

(Enige 5 × 2) (10)

2.3 2.3.1 Alleenspel
- Die kind speel alleen.
- Die kind wys geen ware belangstelling in ander kinders nie.
- Die kind kyk dikwels hoe ander kinders speel.
- Die kind verken liewer voorwerpe as om regtig daarmee te speel.
- Van nul tot twee jaar. (Enige 3 × 1)

2.3.2 Parallelspel
- Dit lyk of kinders met mekaar speel, maar hulle speel eintlik alleen.
- Byvoorbeeld, twee kinders wat blokkies bou – elkeen bou sy eie toring.
- Die kind praat met homself of met ander.
- Daar kom dikwels ’n verbeeldingsmaatjie te voorskyn.
- Van twee tot vier jaar. (Enige 3 × 1)

2.3.3 Sosiale spel
- Kinders begin stadig saam speel in groepe van twee tot vier.
- Speletjies begin reëls kry.
- Hulle kan saamwerk, beurte maak, idees deel en wen of verloor.
- Hulle geniet dit om voor te gee – huis-huis, mamma, pappa, ensovoorts.
- Vanaf vier jaar. (Enige 3 × 1)

(3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

2.4 2.4.1 Manipulasiespel verwys na aktiwiteite waartydens kinders oefen hoe om speelgoed of voorwerpe op ’n spesifieke manier te gebruik, byvoorbeeld stapelkoppies. Hulle sal dit met hul hande, mond, vingers en lyfies verken, dus hul spiere sterker maak.

OF

Om te manipuleer beteken om beheer te kry. Kinders sal van die eienskappe van voorwerpe leer en beheer daaroor kry. Manipulerende vaardighede word nou met fynmotoriese vaardighede en koördinasie verbind. (Enige 1 × 2) (2)

2.4.2
- Fisies
  Fynmotoriese vaardighede ontwikkel (spiere in die hand, gewrig, vingers, tone, oë en tong).
  Ontwikkel koördinasie, hand-oog, vingers en die twee hande wat saamwerk om ’n pop op te tel.
- Sosiaal
  Meer vaardighede = meer onafhanklikheid, meer vertroue. Dit lei tot positiewe bande met ander.
- Emosioneel
  Kry beheer oor hul lyfies, hulle voel hulle het beheer oor hul omgewing. Dit laat hulle veilig voel. Deur spel gee hulle uiting aan emosies en kry meer onafhanklikheid.
- Intellektueel
  Babas wat nog in die sensoriesemotorfase is, leer deur met hul monde, hande en vingers te verken. Hoe meer geleenthede hulle kry, hoe meer leer hulle.
  Hulle leer dat hulle dinge kan laat gebeur, dit gebeur nie net self nie.
  Probleemoplossingsvaardighede word geleer. (4 × 2) (8)

2.4.3
- Dit moet interessant wees.
- Daar moet ’n verskeidenheid speelgoed en toerusting wees om verskillende manipulasievaardighede te ontwikkel.
- Veiligheid en duursaamheid is belangrik – speelgoed soos hamers moet slegs onder toesig gebruik word.
- Praat met babas terwyl hulle speel – speelgoed moet taalontwikkeling bevorder.
- Babas moet manipulende vaardighede kan ontwikkel deur alledaagse aktiwiteite.
- Speelgoed moet stimulerend wees en babas aanmoedig om iets te doen voordat die speelgoed ’n reaksie gee.
- Speelgoed moet kyk, reik en gryp aanmoedig.
- Materiaal moet vir die ouderdomme geskik wees. (Enige 4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.5
- Kon die kinders die beplande doelwitte vir die aktiwiteit bereik?
- Wat was die kinders se reaksies?
- Wat het goed gewerk? Wat het nie goed gewerk nie?
- Hoe kan hierdie aktiwiteit verander word om dit meer doeltreffend of toepaslik te maak?
- Moet die beplanning, tydsberekening, aanbieding of hulpbronne verbeter word?
- Was daar voldoende hulpmiddels of apparate vir al die kinders?
- Het kinders verveeld geraak?
- Is die doel van die les bereik? (Enige relevante 4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Ouers kan herwinbare voorwerpe skenk vir musiekinstrumente.
- Hulle kan musiekinstrumente skenk.
- Hulle kan toepaslike CD's speel om 'n positiewe boodskap oor te dra.
- Ouers kan nuwe liedjies en danse wat by die kleuterskool geleer is, saam met kinders oefen.
- Ouers moet by die huis ruimte gee vir musiek.
- Laat kinders toe om op byvoorbeeld potte en panne te speel.
- Hulle kan musiekkonserte saam met kinders bywoon.

(Enige 4 × 2) (8)

3.1.2
- Skudkokers
- Tromme
- Klokkies
- Ratels
- Marakkas
- Bottel met rys (Enige relevante 2 × 1) (2)

3.2 3.2.1
- Geboorte tot vier maande – leer nog oor hul omgewing, die meeste aksies is reflekse, kan gesigsuitdrukking namaak.
- Vier tot 12 maande – speel gewoonlik met speelgoed om die eienskappe daarvan te ontdek, maar teen 12 maande sal hulle egter begin deur byvoorbeeld 'n motor heen en weer te stoot. Babas kan kostuums begin aantrek.
- 12 tot 18 maande – simboliese ontwikkelingsfase begin – hulle begin werklike voorwerpe met simbole vervang. Ouer babas hou daarvan om kostuums aan te trek – hulle kry aandag.
- Vanaf twee jaar – kinders se denke ontwikkel, hulle begin voorwerpe in spel gebruik, byvoorbeeld 'n blok word 'n motor.
- Vanaf vier jaar – speel saam, vanaf vyf jaar – speel sosiaal. Geniet dit om mamma en pappa te speel en gee idees vir die speletjie. (Enige 3 × 2) (6)

3.2.2
- Enige plek – binne en buite.
- Enige tyd – beplan of tydens vryetyd.
- Reël ’n area met ontwikkelingsvlak in gedagte.
- Beperk die aantal rekwisiete en verander dit weekliks.
- Speel met kinders – gee idees en moedig risiko’s aan.

(Enige 4 × 1) (4)

3.2.3
- Verskaf speelgoed en toerusting.
- Verseker kinders se veiligheid.
- Wys hoe om voorgee te speel – neem deel.
- Maak die area interessant.
- Ontwikkel vertroue en selfvertroue.
- Moenie babataal gebruik nie – sit hul aksies in woorde.
- Neem waar hoe hulle praat.
- Moedig hulle aan om deel te neem.
- Verskaf geleenthede binne en buite.
- Neem onsekerhede, verwagtinge en idees oor die lewe waar.
- Teken ontwikkelings aan.
- Moedig hulle aan om aan die einde van die dag weg te pak.

(Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

3.3 Enige relevante antwoord

Algemene inligting		
• Tipe les – Probleemoplossing✓ • Tema – Enige/Geen✓ • Ouderdomme van kinders – Geboorte tot 12 maande oud✓ • Datum van aktiwiteit – Enige✓ • Aantal kinders – Een✓ • Duur – Vyf minute✓		(6)
Bekendstelling – Doel	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
Doelwitte moet met aktiwiteit verband hou, byvoorbeeld: • Kry baba se aandag • Kry selfvertroue ✓✓	Byvoorbeeld: • Neem die baba na die mat toe • Bedek 'n speelding met 'n lap en vra: Waar is die speelding?✓✓	Byvoorbeeld: • Lap • Speelding (6)
Hoofaktiwiteit/Kern – Doelwit	**Aktiwiteit**	**Apparatus**
Doelwit moet verband hou met aktiwiteit, byvoorbeeld: • Om probleme onafhanklik op te los • Om tevredenheid te ervaar wanneer die probleem opgelos is ✓✓	Aktiwiteit moet toepaslik wees vir die ouderdom, byvoorbeeld: • Bou 'n eenvoudige legkaart saam met die baba. • Speel wegkruipertjie met die speelgoed. • Plaas iets buite bereik van die baba en kyk of hulle dit kan bykom. • Vorm posbusspeletjie.✓✓	Byvoorbeeld: • Legkaart • Gunstelingspeelding en -kombersie • Speelding • Vorm posspeelding ✓✓ (6) (6)
Gevolgtrekking – Doelwit	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
Byvoorbeeld: Kalmeer en raak rustig ✓✓	Byvoorbeeld: • Sing Duimpie Duimpie ✓✓	Byvoorbeeld: • Geen ✓✓
Evaluasie		

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Wees professioneel en vertroulik.
  - Moenie inligting laat rondlê nie.
  - Moenie kinders met ander ouers bespreek nie.
  - Spesialisterugvoer moet geliasseer word.
  - Kinders moenie bewus wees dat waarneming plaasvind nie.
- Deeglike beplanning vir waarneming is belangrik.
  - Hou ’n klein notaboekie byderhand.
  - Weet wat jy moet waarneem.
  - Evalueer deur die dag.
  - ’n Evaluasievel sal help.
- Wees objektief.
  - Neem elke aspek individueel waar.
  - Moenie persoonlik raak nie.
  - Interpreteer resultate noukeurig.
- Kontak met die ouers is belangrik – enigiets ongewoon wat by die huis gebeur, moet by die opvoeder aangemeld word.
- Wees eerlik.
- Sit op ’n lae stoel – dit trek die minste aandag.
- Sit langs ’n aktiwiteit – teen ’n muur.
- Beweeg diskreet wanneer jy van die een aktiwiteit na die volgende beweeg.
- Beantwoord vrae, maar vermy ’n gesprek.
- Moenie die kind se aandag trek nie – moenie glimlag of oogknip nie.
- Vermy gesprekke met ouers.
- Raak betrokke wanneer ’n kind in gevaar is. (Enige 8 × 1) (8)

4.1.2

- Groet die ouers – laat hulle op hul gemak voel.
- Kies ’n tyd wat die ouers sal pas. Wees stiptelik.
- Moenie ouers intimideer nie.
- Moenie tegniese terminologie gebruik nie.
- Verduidelik die doel – om die kind se ontwikkeling te bespreek.
- Wees goed voorbereid.
- Die vergadering moet positief wees.
- Wanneer daar probleme is, moet jy raad gee.
- Verwys hulle na ’n spesialis indien nodig.
- Hou dit informeel, maar professioneel.
- Wees eerlik, maar neem gevoelens in ag.
- Hê bewys van die kind se werk.
- Gee ’n geleentheid om vrae te vra.
- Eindig altyd positief en bedank hulle. (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

4.2 4.2.1 Ouditiewe bewustheid: Die vermoë om die teenwoordigheid van klank te herken

4.2.2 Ouditiewe diskriminasie: Die vermoë om tussen klank en stilte te onderskei

4.2.3 Ouditiewe volgorde en geheue: Die vermoë om klank, note of woorde in 'n spesifieke volgorde weer te gee

(3 × 2) (6)

4.3 4.3.1
- Veilig
- Gesond
- Aangenaam
- Gemaklik
- Gerieflik
- Kindergrootte toerusting
- Ruim
- Ontwerp om buigsaam te wees
- Beweging aanmoedig
- Ontwerp om keuse te fasiliteer (Enige 5 × 1) (5)

4.3.2
- Speelarea
- Ratelarea
- Reikarea
- Sensoriese area
- Manipuleringsarea
- Interaktiewespelarea
- Babaspeelarea
- Wegkruiparea
- Oefenmat (Enige 5 × 1) (5)

4.4
- Stel een gereedskapstuk op 'n slag bekend.
- Verduidelik veiligheidsmaatreëls en maak seker dit word toegepas.
- Moet nooit kinders alleen los met gereedskap nie.
- Hê slegs 'n paar kinders op 'n slag by die tafel. (4 × 1) (4)

4.5
- Dit help om fynmotoriese vaardighede te ontwikkel.
- Hoër kognitiewe prosesse word gebruik wanneer kinders vir 'n spesifieke item soek, of wanneer hulle konsentreer om op die lyn te skeur.
- Dit verbeter hand-oog-koördinasie.
- Dit help kinders om materiaal te sorteer, beplan en rangskik.
- Dit stel skeurtegnieke aan die kinders bekend.
- Dit stel plaktegnieke aan die kinders bekend.
- 'n Bewustheid van ruimte en lyne ontwikkel.
- Vorms kry meer betekenis soos hulle rondom dit skeur.
- Hulle word meer onafhanklik deur goed vir hulself te doen.
- Namate hulle die vaardigheid bemeester, voel hulle dat hulle iets bereik het.
- Hulle stel energie vry – dit is 'n terapeutiese aktiwiteit. (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

4.6 4.6.1

- Rollers en koekiesnyers
- Plastiekmesse en strooitjies
- Tandestokkies en vuurhoutjies
- Naels, bottelproppe, pypskoonmakers en knope
- Plastiekdiere/-mense
- Sade en vere (Enige relevante 6 × 1) (6)

4.6.2

- Maak van papiermaché
- Speel met klei
- Speel met soutkeramiek
- Maak van marionette (Enige 4 × 1) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200